12. Die intog in Kanaan

Josua 1 - 11

God hou sy belofte

Wat God aan die aartsvaders beloof het, gaan in vervulling. God gee aan sy volk 'n plek waar hulle kan woon en Hom kan dien. Hierdie hoofstuk fokus op die volgende hoofgedagtes:

- God beloof sy volk dat Hy hulle sal seën, maar dan moet hulle aan Hom gehoorsaam wees.
- Die Here verkies nie net Israeliete om aan sy volk, sy kerk, te behoort nie.
- God laat ongehoorsaamheid nie ongestraf bly nie.

Die bevel tot die opmars

Na die dood van Moses kry Josua opdrag van die Here om met Israel deur die Jordaan te trek na die land wat God aan hulle sal gee. Die Here beloof hulle dat elke plek waarop hulle trap hul eiendom sal wees. Die grense van die land sal strek van die Libanon en die Eufraatrivier in die ooste tot by die Middellandse See in die weste. In die dae van Salomo het die gebied van Israel inderdaad so ver gestrek.[90]

Josua gee opdrag dat die volk gereed moet maak om Kanaan in besit te neem.

Die Rubeniete en Gadiete en die halwe stam van Manasse, wat reeds hul grond ontvang het, moet die ander stamme help om die Wes-Jordaanstreek te verower. Hulle beloof om gehoorsaam aan Josua te wees en gedissiplineerd op te tree. Elke man wat hom verset teen die bevele van Josua moet gedood word. Die volk vertrou volkome op die Here en sien daarna uit om met die verowering van die land te begin.

Die gebied oorkant die Jordaan is baie vrugbaar, maar dit word goed deur die land se inwoners bewaak. Die Kanaaniete is goed opgeleide soldate wat hul stede stewig verskans het. Josua besef dat hulle sonder die hulp van God

90 1 Kon. 4: 21 Verder was Salomo heerser oor al die koninkryke van die Eufraat af tot by die land van die Filistyne, en tot by die grens van Egipte; hulle het belasting aangebring en Salomo gedien al die dae van sy lewe.

nie die stede sal kan inneem nie. Daarom bid hy tot God vir hulp en bystand. Die volk doen nou weer wat reg is en godsdienstige feeste en gebruike wat as gevolg van hul omswerwinge in die woestyn in onbruik geraak het, word weer ingestel. Die volk begin nou byvoorbeeld weer die Pasga hou.

Twee verkenners word uitgestuur

Josua stuur twee spioene uit om die land te verken. Hulle trek oor die Jordaan en kom in Jerigo, 'n stad wat aan die westekant van die Jordaandal lê. Die koning van Jerigo vind egter gou van hul aanwesigheid uit en dadelik stuur hy soldate om hulle gevange te neem. Ragab, 'n straatvrou, help die twee spioene om op haar dak weg te kruip onder die vlasstoppels. Sy slaag daarin om die soldate om die bos te lei en red daardeur die lewens van die spioene. By haar verneem hulle dat die inwoners van Jerigo baie bang vir Israel is. Die spioene sien die hand van die Here in die ontmoeting met Ragab en skep nuwe moed. Hulle is oortuig dat die Israeliete Jerigo wel kan inneem.

Ragab is 'n besonderse vrou. Soos die res van die stadsbewoners het ook sy gehoor van die wondertekens wat God gedoen het. Sy weet dat die Here die water van die Skelfsee laat opdroog het en dat Hy die twee konings van die Amoriete, Sihon en Og, in die hande van Israel gegee het. Maar terwyl die ander inwoners in vrees verkeer, buig sý vir die God van Israel. God gebruik haar as instrument in sy hand om die spioene uit die hande van die koning te red. Daardeur kry sy deel aan die oorwinning van Israel. In die brief aan die Hebreërs word sy as een van die gelowiges genoem.[91] Jakobus prys haar werke[92] en Matthéüs noem haar naam in die geslagsregister van Jesus Christus.[93] Dit is merkwaardig dat twee van die drie vroue wat in Jesus se geslagsregister opgeneem is, vroue van heidense afkoms is .

Ragab is so seker dat God Jerigo in Israel se hande sal gee, dat sy die spioene vra om aan haar te dink, soos sy aan hulle gedink het toe hulle in nood was. Die spioene beloof om haar en haar familie te spaar wanneer hulle die stad binneval. As teken van die ooreenkoms sal Ragab die rooi gedraaide lyn, waarmee sy die verkenners oor die stadsmuur laat afsak het, aan haar venster vasbind.

---

91 Heb. 11: 31 Deur die geloof het Ragab, die hoer, nie saam met die ongehoorsames omgekom nie, omdat sy die spioene in vrede ontvang het.

92 Jak. 2: 25 En is Ragab, die hoer, nie ook net so geregverdig uit die werke toe sy die boodskappers ontvang en met 'n ander pad weggestuur het nie?

93 Matt. 1: 5 en Salmon die vader van Boas by Ragab, en Boas die vader van Obed by Rut, en Obed die vader van Isai,

Die verkenners keer veilig na Josua terug en vertel dat die inwoners van Kanaan vreesbevange vir die Israeliete is. Josua is nou vas daarvan oortuig dat die Here Kanaan in Israel se hand sal gee.

Die water van die Jordaan bly staan

Die volk is nou gereed om deur die Jordaanrivier te trek. Toe die voete van die priesters wat voor loop en die ark dra, aan die water raak, trek die water weg sodat die Israeliete droogvoets kan deurstap. Die priesters moet in die middel van die Jordaan bly staan tot die hele volk deur getrek het.

Die Here gee aan Josua opdrag om twee gedenktekens van twaalf klippe elk op te rig. Die een aan die oorkant van die Jordaan moet gebou word van twaalf klippe wat hulle in die middel van die Jordaan moet optel. Die twaalf klippe verteenwoordig die twaalf stamme van Israel. Die tweede monument moet gebou word in die Jordaan op die plek waar die priesters met die ark staan. Die gedenktekens moet die nageslag daaraan herinner dat die Here 'n wonderwerk verrig het deur die volk droogvoets deur die Jordaanrivier te laat trek.

Na 40 jaar se omswerwinge in die woestyn is die volk nou in die land wat God aan hulle voorvaders met 'n eed beloof het. God is getrou. Wat Hy beloof het, voer Hy uit.

Die leërowerste van die Here

Gilgal is die eerste plek in Kanaan waar die Israeliete hul laer opslaan. God verskyn aan Josua en vertel hom presies hoe die Israeliete die beloofde land moet verower. In die verskyning is dit duidelik dat God die Kanaaniete sal verslaan. Israel is slegs instrument in God se hand wat Hy gebruik om die heidene uit te roei.

Jerigo is die eerste stad wat hulle moet verower. Uit die verslag wat Josua van die spioene ontvang het, is dit duidelik dat die inwoners van Jerigo goed bewapen is en die stad het ook massiewe mure rondom. Daarteenoor beskik die Israeliete nie oor wapentuig wat nodig is vir 'n geveg nie.

Terwyl Josua sy planne in verband met die inname van Jerigo oorweeg, staan daar meteens 'n man voor hom met 'n swaard in sy hand. Josua ken hom nie en daarom vra hy of hy vriend of vyand is. Die man stel Homself bekend as die leërowerste van die Here. Hy beveel Josua om sy skoene uit

te trek omdat die plek waarop hy staan heilig is. En dan hoor Josua watter opdrag God aan hom gee. Eerbiedig val hy met sy gesig op die grond neer.

Die Here gee bevel dat Jerigo, met alles wat daarin is, verbrand moet word. Dit moet 'n banoffer aan die Here wees. Die Here wil hê dat die eerste stad wat die Israeliete in Kanaan inneem, as eerstelingoffer van die hele land, aan Hom geoffer word. Hierdie eerstelingoffer wys heen na Christus wat die eintlike ware offer is.[94] Alles wat leef in die stad, mens sowel as dier, moet gedood word. Die silwer en goud, en die koper- en ystervoorwerpe moet by die skat van die Here kom sodat dit vir Hom geheilig, dit is afgesonder, kan word.

Jerigo val

God se opdrag is baie eenvoudig, Josua moet dit presies so uitvoer. Die Israeliete moet ses dae lank elke dag een keer om die stad stap. Die krygsmanne moet voor stap, gevolg deur sewe priesters wat op ramshorings blaas. Dan moet die draers met die ark volg en ná hulle die res van die volk. Op die sewende dag moet die volk sewe keer om Jerigo loop en op Josua se bevel moet hulle juig en skree.

Die inwoners van Jerigo sien elke dag die optog vanaf hul hoë stadsmure. Eers is hulle verbaas en nuuskierig, maar later spot hulle. Groot is hul verbasing toe die volk op die sewende dag sewe keer om die stad loop. Op bevel van Josua juig en skree die volk. Die mure van Jerigo begin verkrummel en val inmekaar. Die spottende inwoners van Jerigo lê begrawe onder die puin van die stad. Die wat nog lewe, word gedood. Net Ragab en haar familie bly leef, omdat sy die spioene gehelp het toe hulle in nood was.

Die goud en silwer en die koper- en ystervoorwerpe van die buit bring hulle na die tabernakel toe om aan die Here te heilig. Josua laat die volk beloof dat hulle nooit sal probeer om Jerigo te herbou nie. Die persoon wat wel die stad herbou, sal dit doen ten koste van sy eie kinders. In die tyd van koning Agab het Hiël die stad herbou met die gevolg dat twee van sy seuns gesterf het.[95]

---

94 1 Kon. 15: 22 en 23 Want soos hulle almal in Adam sterwe, so sal hulle ook almal in Christus lewend gemaak word; maar elkeen in sy eie orde: as eersteling Christus, daarna die wat aan Christus behoort by sy koms.

95 1 Kon. 16: 34 In sy dae het Hiël, van Bet-el, Jerigo opgebou; ten koste van Abiram, sy eersgeborene, het hy sy fondament gelê, en ten koste van Segub, sy jongste, sy poorte opgerig, volgens die woord van die HERE wat Hy deur die diens van Josua, die seun van Nun, gespreek het.

Die inval van Ai

Josua stuur verkenners om die stad Ai te verken. Die stad lê noordwes van Jerigo en is 'n klein bouvallige stadjie, glad nie so sterk soos Jerigo nie. Die verkenners keer terug met die nuus dat net 3 000 man nodig is om die stadjie te oorrompel. Die manne vertrek na Ai, maar teen alle verwagting in word hulle verslaan. Josua is baie teleurgesteld. Hy kan glad nie dink wat die oorsaak van dié nederlaag is nie. God verduidelik aan hom dat iemand van die volk gesondig het. Op bevel van die Here word die lot gewerp om die skuldige aan te wys. Die lot val op Agan. In sy tent kry hulle 'n mantel en die goud en silwer wat hy begrawe het. Hy het nie na God se uitdruklike bevel geluister om niks uit Jerigo te neem nie. Die volk stenig hom, sy gesin en alles wat hy besit en pak 'n hoop klippe op hulle.

Nou kan die Israeliete Ai weer aanval. 'n Afdeling soldate neem ongemerk stelling agter Ai in, terwyl die res onder aanvoering van Josua 'n skynaanval op die stad loods. Die groep soldate wat die stad aanval, moet op die vlug slaan sodra hulle teenstand kry. Terwyl hulle vlug, moet die ander afdeling die stad binneval en dit met vuur verwoes. Daarna moet hulle die soldate van Ai agtervolg en doodmaak. Die taktiek werk en Ai word in besit geneem.

Die Here hou sy belofte aan Israel dat hulle die beloofde land sal verower. Hy maak dit egter weer duidelik dat indien hulle sondig, Hy dit nie ongestraf sal laat nie. Sy geregtigheid eis straf op die sonde.

Die altaar op die berg Ebal

Na die verowering van Ai trek die Israeliete noordwaarts na die berg Ebal om daar vir God te offer. Van ongekapte klippe bou hulle 'n altaar en bring brand- en dankoffers aan God. Daarna skryf Josua die wet van God op die klippe en lees dit aan die volk voor. God sal hulle seën as hulle sy gebooie onderhou en sy opdragte uitvoer. Een baie belangrike opdrag is dat hulle ál die Kanaaniete moet uitroei.

Die Gibeoniete

In die suide van die land span vyf konings saam om teen Israel te veg. Die Gibeoniete vorm nie deel van hierdie ooreenkoms nie omdat hulle geen koning het nie. Hulle trek na Josua met geskeurde klere en verslete skoene aan en dra ou stukkende wynsakke en uitgedroogde padkos. Daardeur oortuig hulle Josua dat hulle baie ver gereis het om 'n verbond met hom te sluit. Josua besef nie dat Gibeon in Kanaan lê, nie ver wes van Jerigo nie.

Sonder om God te raadpleeg, sluit Josua 'n verbond met hulle en onderneem om hulle nie aan te val nie. Dit is in stryd met God se bevel om al die Kanaaniete uit te roei. Drie dae later vind Josua uit dat die Gibeoniete hom bedrieg het. Hy is baie kwaad, maar hy durf nie die verbond verbreek nie, aangesien dit met 'n eed bevestig is. Daarom gee hy die opdrag dat die Gibeoniete houthakkers en waterputters vir die priesters en vir die volk moet wees. Saul verbreek later die verbond met die Gibeoniete deur hulle om die lewe te bring.[96]

Onderwerping van Suid-Kanaan

Die Gibeoniete stuur 'n boodskap aan Josua dat die vyf konings van die suide van die verbond gehoor het, en met 'n groot leër op pad na Gibeon is. Dadelik draai Josua terug en val die vyand die volgende dag onverwags aan. Daar heers verwarring en chaos onder die vyand en hulle vlug. God laat nou groot haelkorrels op hulle reën waardeur baie doodgeslaan word. 'n Deel van die vyand het al ver gevlug en Josua is bekommerd dat hy hulle nie sal kan inhaal voor die son sak nie. Op sy versoek gee God bevel aan die son en maan om stil te staan, sodat Israel genoeg tyd het om die vyand te agtervolg en te verslaan.

God is so magtig dat Hy die son en maan kan beheer.[97] Die Bybel sê dat daar geen dag soos hierdie een was nie.

Ná die oorwinning neem Josua verskeie stede soos Makkeda, Libna, Lagis, Geser, Eglon, Hebron en Debir in. Die mense wat in die stede woon, word met die banvloek getref. Josua behaal die oorwinnings, want die Here, die God van Israel, stry vir sy volk. Daarna keer Josua en sy manskappe terug na die laer in Gilgal.

Noord-Kanaan word onderwerp

Die konings van die noordelike gebiede sluit nou ook 'n verbond met mekaar om teen Israel te veg. Hulle ruk met 'n groot mag onder aanvoering van koning Hasor op. Die geveg vind by Merom plaas. Koning Hasor besef gou dat hy die stryd gaan verloor en hy slaan op die vlug. Josua haal vinnig sy leër in en behaal die oorwinning. Hiermee vervul God sy belofte dat die

96 2 Sam. 21: 1 En toe daar in die dae van Dawid 'n hongersnood was, drie jaar lank, jaar ná jaar, het Dawid die aangesig van die HERE gesoek; en die HERE het gesê: Vanweë Saul en vanweë sy huis waarop bloedskuld rus, omdat hy die Gibeoniete omgebring het.

97 Job 9: 7 wat bevel gee aan die son, en hy gaan nie op nie, en die sterre agter 'n seël wegsluit;

Israeliete Kanaan as erfdeel sal ontvang.

Die land is nog vol Kanaaniete, maar elke stam ontvang die opdrag om die heidene in hul gebied uit te roei. Na die dood van Josua word die stryd voortgesit en moet Juda sy gebied nog verder verower.[98] Aangesien Israel telkens ongehoorsaam is, laat God toe dat daar nog heidennasies oorbly om Israel te toets of hulle gehoorsaam aan God is of nie.[99]

98 Rig. 1: 1 en 2 En ná die dood van Josua het die kinders van Israel die HERE geraadpleeg en gesê: Wie van ons moet eerste optrek teen die Kanaaniete om teen hulle te veg? En die HERE het gesê: Juda moet optrek. Kyk, Ek gee die land in sy hand.

99 Rig. 2: 20 tot 22 Daarom het die toorn van die HERE teen Israel ontvlam, en Hy het gesê: Omdat hierdie nasie my verbond wat Ek hulle vaders beveel het, oortree en na my stem nie luister nie, sal Ek ook verder geeneen van die nasies wat Josua by sy dood laat oorbly het, voor hulle uit verdrywe nie om Israel deur hulle op die proef te stel, of hulle die weg van die HERE sal hou deur daarin te wandel soos hulle vaders dit gehou het, of nie.

Aanbevole leesstukke

DE GRAAF, S.G. 1935. Verbondsgeschiedenis: Schetsen voor de vertelling van de Bijbelse Geschiedenis. Het Oude Testament. Kampen: J.H.Kok. 290 – 306 p.

INGWERSEN, G. 2008. Die Bybel oorvertel vir oud en jonk. Pretoria: DBU. 137 – 149 p.

KROEZE, J.H. 2008. Handboek Bybelse geskiedenis: Die Ou Testament. Pretoria: DBU. 191 – 203 p.

TEN HAVE, P. 1935. Bij de Bron. Neerbosch. Neerbosch Drukkerij. 296 – 322 p.

VAN DER WAAL, C. 1998. Sola Scriptura. Gids vir Bybelstudie. Deel 1: Genesis – Josua. Pretoria: DBU. 158 – 165 p.